7314

G.P.C

2 Desember 1970.

Sy Edele die Minister van Vervoer,
Uniegebou,
PRETORIA.

U Edele,

Spoorwegongelukke

Op 'n vergadering van hierdie Instituut se Uitvoerende Komitee, gehou in Johannesburg on 24 November, is daar met groot besorgdheid kennis geneem van die onlangse treinongeluk by Ikwezi waarin 'n aantal Bantoepassasiers gedood is en baie ander beseer is. Daar is ook kennis geneem van verskillende ander treinongelukke tydens die afgelope jaar.

Die Uitvoerende Komitee het dit aan my opgedra om 'n dringende beroep op u te doen om 'n duidelike openbare verklaring te doen oor u en u Departement se planne om dergelike ongelukke te voorkom. Dit is onder ons aandag gebring dat die jongste ongeluk, asook die vroeëre ongelukke, 'n toestand van groot spanning en onsekerheid onder die Bantoe van die Witwatersrandse stedelike gebiede geskep het, en gerugte doen die rondte dat sulke ongelukke verband hou met die jongste sensusgegewens wat 'n groot toename in die stedelike Bantoebevolking aantoon; ook dat die weiering om Bantoelokomotiefdrywers in diens te neem, 'n „duidelike aanduiding" is dat spoorwegongelukke 'n opsetlike metode van die blankes is om die Bantoe „uit te dun"! Ons Instituut verwerp natuurlik hierdie aantygings en bestry hulle vir sover dit vir ons moontlik is. Maar ons weet dat u besef hoe gevaarlik sulke gerugte is en hoe dit die verhoudinge tussen blank en nie-blank vertroebel.

Ons doen dus 'n vriendelike dog dringende beroep up u en u Departement om 'n verklaring uit te reik waarin u duidelik aantoon watter stappe beoog word om die stedelike vervoergeriewe te verbeter. Ons het met dank kennis geneem van verklarings wat reeds in hierdie verband gedoen is, maar ons wil u nogtans versoek om 'n vollediger verklaring uit te reik waarin u veral 'n aanduiding gee van die tydbestek waarin die nodige verbeterings aangebring sal word en die presiese aard van sodanige verbeterings.

Ons neem /2...

Ons neem aan dat u en u Departement ten volle ingelig is oor die chaotiese en gevaarlike toestande wat in die spoorweggeriewe vir die tien-duisende Bantoe op die Witwatersrand heers en ons aanvaar ook dat u en u Departement ten volle bewus is van die groot spanninge en ontevredenheid wat hierdie toestande onder die Bantoepassasiers veroorsaak.

Ons skryf aan u nie in 'n gees van kritiek nie maar vanweë ons opregte begeerte dat alles wat spanninge tussen die verskillende volksgroepe van ons land veroorsaak, vir sover as dit enigsins moontlik is, uitgeskakel sal word.

Met hoogagting,

dienswillig die uwe,

F.J. van Wyk,
DIREKTEUR.

2 December 1970.

His Worship, Councillor S. Moss,
Mayor of Johannesburg,
City Hall,
JOHANNESBURG.

Your Worship,

At a recent meeting of this Institute's General Purposes Committee reference was made to your prompt and courageous action in your visiting the scene of the railway accident at Ikwezi and your calming the crowd which gathered after the accident. I was asked to convey to you the Institute's sincere appreciation, also for the pressures which you and your Council are exerting on the authorities concerned to bring about improvements which are so desperately needed in the chaotic railway facilities for Johannesburg's numerous African passengers.

Yours sincerely,

F.J. van Wyk,
DIRECTOR.

Office of the Mayor,
P. O. Box 1049,
Johannesburg,
South Africa.

SM/AO
48/11

22nd December 1970.

Dear Mr. van Wyk,

Thank you for your letter of the 2nd December 1970, concerning the Ikwezi railway accident on the 1st October 1970.

I appreciate your gesture in writing to me and am thankful to have had an opportunity of bringing a message of reassurance to those involved.

Yours sincerely,

Sam Moss

SAM MOSS, M.P.C.,
MAYOR.

Mr. F.J. van Wyk,
Director,
South African Institute of Race Relations,
P.O. Box 97,
JOHANNESBURG.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.